

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za

INFO: 5 JUNIE 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Die tyd het aangebreek - die tyd om weer die skool se deure te open.

Ons is baie dankbaar om die gr 7- en gr 12-leerlinge terug te ontvang. Dit is heerlik om weer kinders by die skool te hê, te sien en te hoor.

Die skool is gereed om die leerlinge te ontvang en alle regulasies is nagekom.

Die Departement van Onderwys het die openingsdatum met een week uitgestel, maar GSDP-Bestuur het besluit dat ons wel vir die twee groepe sal open. Ons doen dit in vertroue; God beskik en Hy is ons ook in tye van onsekerheid naby.

Die skool sluit op Vrydag, 19 Junie vir 'n welverdiende vakansie. Die leerlinge is moeg en die onderwysers kan doen met die blaaskans.

Die skool heropen DV weer op Woensdag, 8 Julie, wanneer die gr 6- en gr 11-leerlinge by ons aansluit. Die ander grade sal spoedig daarna volg. Die planne is reeds in plek. Almal werk hard daaraan om dit prakties moontlik te maak.

Baie sterkte aan elkeen vir die volgende twee weke. Kom ons staan sterk en voltooi die kwartaal met vertroue en trots.

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser

KLEUTER- EN LAERSKOOLOOFS
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

ALGEMEEN

Baie geluk aan Mev Marie-Louise Lamberts wat op 14 Junie verjaar. Mag u, in die huidige omstandighede, 'n geseënde dag en nuwe lewensjaar saam met u geliefdes beleef.

HOËRSKOOL

ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Daar gaan ons 'n nuwe fase by die skool in - 'n fase met unieke uitdagings. Kom ons wees in hierdie tyd geduldig met mekaar. Die gr 12-leerlinge is terug by die skool en ander leer nog van die huis af.

Dankie vir almal se opofferings en toewyding in die oorgangsfase wat voorlê.

LIEF EN LEED

Baie geluk aan die hoërskoolpersoneel wat die afgelope tyd so stil-stil tydens die grendelstaat verjaar het.

AKADEMIE

Die hoërskool is akademies steeds goed op dreef. 'n Mens kom tog agter dat die leerlinge en onderwysers begin moeg raak. Ons is gelukkig amper met vakansie, wanneer ons weer kan uitrus. U moet nog net 'n klein rukkie uithou.

Ons is so goed aan die gang dat ons al toetsreekse beplan vir wanneer die leerlinge terug-keer skool toe, net om seker te maak *GoogleClass* het alles gesê wat die onderwysers gesê wou hê. Ons gr 12-leerlinge het reeds vandag, Vrydag, 5 Junie met hul toetsreeks begin.

Ons beplan dat alle leerlinge hersieningstoetse skryf, sodra hulle terug is by die skool. Die datums en meer inligting volg eersdaags.

Aan die ouers: Baie dankie vir u toewyding in die opvoeding van u kinders. Sterkte aan ieder en elk met alle ekstra spanning in hierdie tyd.

U sal merk dat die eise op die onderwysers hoog is, aangesien hulle fisies en aanlynklas gee. Kom ons dra mekaar met liefde in ons gebede op.

NB: Ons vra asseblief dat ouers die belangrikheid van die hou van sosiale afstand en die korrekte manier van die dra van maskers by die gr 12-leerlinge wat terug is by die skool, sal inskerp. Ons moet gehoor gee aan die voorskrifte om die skool veilig oop te kan hou. Hulle moet nie net doen wat reg is as die onderwysers dit vra of kyk nie, maar omdat dit die regte ding is om te doen - of ons op hierdie stadium saamstem of nie - dit is die voorskrifte waaraan GSDP moes voldoen om die skool te kon open.

Die leerlinge mag nie in pouse met hul koppe bymekaar staan om na 'n video op 'n selfoon te kyk nie - of hy / sy 'n masker dra al dan nie!

Die leerlinge mag nie hul maskers in die klas afhaal, sodra die onderwyser sy / haar rug draai nie.

Die leerling het die vergunning om in die klas 'n gesigskerms te dra, maar buite die klas-kamer is 'n masker verpligtend, tensy hulle eet of drink.

Dankie aan die leerlinge wat wel moeite doen om die nuwe, soms moeilike reëls na te kom.

SPORT EN KULTUUR

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

LAERSKOOL

ALGEMEEN

Aan die personeel: Graag bedank ek elke personeellid vir hul harde werk gedurende die grendeltyd. Elkeen het baie moeite gedoen met aanlyn- en *Whatsapp*-klasse - dit het nie ongesiens / ongehoor verbygegaan nie.

Dankie vir al u voorbereidings om weer, saam met die leerlinge, skool toe te kom.

Ek waardeer u onbaatsugtige en voortgesette insette en geduld opreg.

Aan die ouers: Baie dankie dat u, in die moeilike omstandighede, u laerskoolkinders help met hul daaglikse skoolwerk. Sonder u hulp en deursettingsvermoë (en soms strengheid) sou ons leerlinge nie hul skoolwerk kon doen nie. Dit is ten einde laaste die leerling self wat die vrugte daarvan sal pluk. Sterkte vir die laaste twee weke van hierdie kwartaal.

KLEUTERSKOOL

Die dag wat ons weer saam kan speel en leer kom al nader! Een van die dae kan ons weer saam lag. Die HERE hou ons veilig en ken ons pad - ons moet net vertrou en weet waar ons krag vandaan kom.

Ons stuur nog gereeld die weeklikse aktiwiteite en Bybellesse. Herhaal gerus vorige weke se aktiwiteite.

Onthou:

- ☐ Drie GOUER reëls om jouself en ander veilig te hou:
 - Dra jou masker.
 - Was jou hande gereeld.
 - Bly ten minste 1,5 meter weg vanaf ander maats.

- Gesels gerus oor die dag wanneer ons weer saam mag leer en speel - positief en opgewonde.
- Hanteer die vrese en angs wat mag ontstaan.
- Hou ons kleuters gekoester en veilig!

Filippense 4: 13: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."
